AFRIKAANS

2018 BEGROTING

# DIE PUBLIEK SE GIDS

'n Gesamentlike publikasie van die Nasionale Tesourie en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens

ISSUED BY: National Treasury
Tel: (012) 315 5757
www.treasury.gov.za

national treasury
Department:
National Treasury
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**Wat is die BEGROTING?**

Jaarliks, gedurende Februarie, kondig die Minister van Finansies die regering se bestedings, belasting-, en leningsplanne vir die volgende drie jaar aan. Dit word die Nasionale Begroting genoem. Die Nasionale Begroting verdeel geld tussen nasionale departemente, provinsies en munisipaliteite.

INHOUD




2
1. Boodskap vanaf die minister
2. Bevorder vertroue, ekonomie, werkskepping
3. Verbetering van bestedingsdoeltreffendheid op infrastruktuurprojekte



3
1. Reageer op die droogte nood
2. Gratis hoër onderwys vir studente
3. Waar kom die geld vandaan en hoe sal dit in 2018/19 bestee word?

4
1. Persoonlike Inkomstebelasting veranderinge
2. Nuwe belastingskale
3. Toename in brandstofheffings
4. Toename in sondebelasting


## HOE DIE BEGROTING OPGESTEL WORD

① Departementele riglyne wat aandui watter begrotingsinligting vereis word , word uitgereik
② Departemente prioritiseer hulle programme, stel bestedingsplanne en verbintenisse tot dienslewering op
③ Begrotingsvoorstelle word by die Tesourie ingedien en oorweeg
④ Interdepartementele komitees van Direkteurs-Generaal oorweeg voorstelle vir toekenning van fondse
⑤ Hulle maak aanbevelings aan die Ministersbegrotingskomitee
⑥ Mediumtermyn Begrotingsbeleidsverklaring gee 'n aanduiding van die komende begroting
⑦ Finale toekennings word deur die Kabinet gemaak
⑧ Begrotingsdokumente word voorberei
⑨ Hoofbegroting word ter Tafel gelê
⑩ Parlement debateer en aanvaar die Begroting
⑪ Stuur na die President vir ondertekening om dit 'n Wet te maak



# PLAAS SUID-AFRIKA SE OPENBARE FINANSIES OP 'N VOLHOUBARE WEG

Die Suid-Afrikaanse regering het reeds vir 'n geruime tyd meer bestee as wat bekostigbaar was, wat tot die verhoging in staatskuld gelei het. Die ekonomie het ook teen 'n stadiger pas gegroei as gevolg van die afname in sakevertroue en dalende privaat investering. Ten tye van die Oktober Mediumtermynbegrotings-beleidsverklaring het die regering 'n skuldvooruitskatting gemaak wat nie volhoubaar was nie. Die begroting van 2018 maak voorstelle om vertroue te herstel en openbare finansies op 'n meer volhoubare weg te plaas.

Suid-Afrika het die geleentheid om op die positiewe ontwikkelings wat die afgelope maande na vore gekom het voort te bou. Die ekonomie het effens beter presteer as wat verwag is, met ekonomiese groei wat op 1 persent in 2017, 1.5 persent in 2018 en 2.1 persent teen 2020 beraam word. Hierdie tempo van ekonomiese groei is welkom, maar is steeds te stadig om werkloosheid en armoede aan te spreek. Dit sal dit steeds vir die regering moeilik maak om sy teikens vir openbare finansies te kan bereik.

Die vernaamste begrotings-voorstelle behels die bevordering van openbare finansies deur die verhoging van belasting, die vermindering van uitgawes en herprioritisering. Die regering sal ook belasting met R36 miljard verhoog deur 'n een persentasiepunt verhoging in die BTW-koers tot 15 persent, en deur aanpassings aan ander belastings. Die verhoging van BTW sal na verwagting die minste nadelige gevolge op groei in die komende tydperk hê. Besteding sal ook op ander terreine verlaag word en hertoewysing aan ander prioriteite oor die volgende drie jaar gemaak word, hoofsaaklik koste-vrye hoër onderwys en opleiding vir lae-inkomste groepe.

Ten spyte van hierdie veranderinge sal die regering steeds R191 miljard in 2018/19 moet leen. Die vooruitsigte vir die nasionale skuld is egter nou op 'n volhoubare pad. 'n Volhoubare begroting is die eerste stap om die ekonomie weer op koers te kry en vinniger te laat groei.

> **'Die begroting van 2018 maak voorstelle om vertroue te herstel en openbare finansies op 'n meer volhoubare weg te plaas'**

Daarbenewens sal die regering werk daarvan maak om belangrike beleidshervormings te implementeer asook om die bestuur en werkverrigting van staatsbeheerde maatskappye te verbeter, wat ook onontbeerlik is om groei in die ekonomie te ondersteun.

Alhoewel die ekonomiese situasie verbeter het, is daar steeds beduidende risiko's. Die moontlikheid dat die regering minder inkomste verdien as waarvoor daar begroot is, swak ekonomiese groei en wesenlike finansiële insinking van verskeie groot staatsbeheerde maatskappye, bly steeds 'n faktor ■



# BOODSKAP VANAF DIE MINISTER

**Mede-Suid-Afrikaners, dit is weer tyd vir die regering om die land in te lig oor hoe hulle swaarverdiende belasting oor die volgende paar jaar bestee gaan word.**

In 2018 sal die fokus op die herstel van sake- en verbruikersvertroue wees deur Suid-Afrika se finansies op 'n volhoubare weg te plaas. Dit is nou die tyd om skouer aan die wiel te sit om die begrotingstekort te verminder. Deur hierdie vermindering van die begrotingstekort sal die regering minder afhanklik van lenings wees en begin om ruimte te maak om te bestee op die dienste wat die meeste saak maak, soos onder andere, kwaliteit onderwys, gesondheids- en maatskaplike dienste.

Ons wil ook fokus op die skep van werksgeleenthede vir ons mense om sodoende die miljoene mense op maatskaplike toelaes, te verminder. Die regering is besorg oor die mense, en die moeilike ekonomiese tye sal ons nie verhinder om aan die armes te voorsien nie. In 2018 sal die regering maatskaplike toelaes teen 'n hoër koers as voorheen verhoog om die armes te vergoed vir die toename in BTW wat vanjaar ingestel gaan word.

Die regering is ook ernstig om toegang to kwaliteit onderwys te verbeter. Om koste-vrye hoër onderwys wat deur die voormalige president van die land in Desember 2017 aangekondig is te befonds, is 'n bykomende bedrag van R57 miljard toegeken om die hoër onderwysstelsel oor die medium termyn te befonds. Kom ons werk saam - regering, sakesektor, arbeidsektor en burgerlike samelewing - om Suid-Afrika 'n reënboognasie wat wen te maak!

# BEVORDERING VAN VERTROUE, DIE EKONOMIE EN WERKSKEPPING



**Private investering in Suid-Afrika het sedert 2015, as gevolg van die lae vlakke van besigheids- en verbruikersvertroue, bly daal. Die begroting van 2018 word gedurende 'n tyd voorgelê wat die geleentheid bied om vertroue te herstel en ekonomiese groei te bevorder.**

Daar word van die regering verwag om uitstaande beleidshervormings te finaliseer, beslissend teen korrupsie in die openbare- en privaat sektore op te tree en iets daadwerkliks te doen om bestuurs- en operasionele nalatigheid by staatsbeheerde maatskappye aan te spreek.

Om groei te stimuleer en werkskepping te bevorder, is die regering besig om saam met verskillende belanghebbendes aan 'n aantal inisiatiewe te werk. Dit sluit in:

- Die Finansiële Sektor Kode wat voorsiening sal maak vir die voorsiening van bekostigbare behuising, finansiering van klein besighede en landbou-ontwikkeling vir swart boere.
- Die uitreiking van banklisensies aan Discovery Bank en Tyme Digital in 2017. Bank Zero is in die begin stadium van 'n onderlinge banklisensie. Vordering is ook met die Posspaarbank se lisensie gemaak. Hierdie nuwe banke sal die sektor transformeer deur mededinging te verbeter en Suid-Afrikaners meer bankopsies te bied.
- Die Jeugindiensnemingsdiens-inisiatief wat daarop gemik is om kwaliteit werksondervinding aan kwesbare jeug te voorsien, wat vir implemetering in Maart 2018 geskeduleer is en na verwagting 40 000 werksgeleenthede sal skep.
- Die Kleinsake- en Innovasiefonds wat deur die regering totstand gebring is om idees en vroeë aanvangsfases van besighede te befonds.

Beleidsekerheid is noodsaaklik om vertroue te herstel en 'n ondersteunende omgewing vir beleggingsgroei te skep. Die regering is in proses om hindernisse vir beleggings in die telekommunikasie-, mynbou-, energie- en vervoersektore, aan te spreek ■

# VERBETERING VAN BESTEDINGSDOELTREFFENDHEID OP INFRASTRUKTUURPROJEKTE

**Die Nasionale Ontwikkelingsplan identifiseer beduidende infrastruktuurbeleggings om werkloosheid, armoede en ongelykheid te oorkom.**

Die Begrotingsfasiliteit vir Infrastruktuur (BFI) is 'n hervorming wat deur die regering ingestel is om die doeltreffendheid van besteding aan infrastruktuurprojekte in die openbare sektor te verbeter. Die eerste fase van die BFI was om swakpunte in projekvoorbereiding aan te spreek. Die volgende fase sal daarop fokus om die kwaliteit van openbare beleggings te ondersteun deur beter beplanning, finansiering, verkryging en implementering van infrastruktuurprojekte. Die 2018-begroting maak voorsiening vir fondse wat gebruik sal word om hulp te verleen aan projekte wat verdere ondersteuning vereis voordat hulle vir befondsing oorweeg kan word.

# IMALI YETHU EN NASIONALE TESOURIE WERKSAAM OM OPENBARE DEELNAME TE VERBETER: PUBLIEK SE BEGROTINGS

**IMALI YETHU - 'n vrywillige koalisie van burgerlike samelewingsorganisasies (BSO), het oor die afgelope jaar in samewerking met die Nasionale Tesourie dit ten doel gehad om begrotingsinligting meer toeganklik te maak en groter betrokkenheid van die publiek te verseker.**

Februarie 2018 word hierdie opwindende projek bekendgestel: 'n aanlyn-begrotingsdatabron wat vulekamali! genoem word. Hierdie vennootskap is belangrik vir alle betrokke BSOs – en die Suid-Afrikaanse publiek. Die geleentheid vir werklike samewerking met regeringsdepartemente kan lesse aan ons almal ten opsigte van toeganklikheid en deursigtige bestuur van openbare hulpbronne, bied. Alhoewel Suid-Afrika 'n toppresterende land is ten opsigte van die toeganklikheid en beskikbaarstelling van begrotingsinligting - is hierdie 'n kans om die publiek te betrek; jonk en oud. Ons glo dat die begrotingsproses meer inklusief moet wees en dat alle mense die kans moet kry om dit te verstaan en hulle sê te sê.

# REAGEER OP DIE DROOGTE NOOD

Verskeie provinsies in Suid-Afrika, insluitend die Wes-Kaap en dele van die Oos-Kaap, ervaar 'n ernstige droogte.

Die regering beplan om op beide die kort termyn uitdaging om te verseker dat waterbronne nie onderbreek word nie, en op die langer termyn behoefte om 'n volhoubare watersisteem te bou, te reageer. Oor die kort termyn is waterbeperkings reeds in plek en is veral in die Wes-Kaap aansienlik verleng. Die 2018-begroting ken voorlopig fondse in 2018/19 toe wat gebruik sal word vir die inisiëring van belangrike langtermynskemas om watervoorsiening uit te brei. Die regering is daartoe verbind om beskikbare voorraad te bestuur om te verseker dat daar aan basiese behoeftes voldoen word, terwyl planne om langtermyn volhoubaarheid te verbeter geïmplementeer word.



# KOSTE-VRYE HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING VIR STUDENTE VAN ARM EN WERKERSKLAS-FAMILIES

In Desember 2017 het die voormalige president Zuma koste-vrye onderwys en opleiding vir studente van families wie se inkomste minder as R350 000 per jaar is, aangekondig. 'n Bykomende bedrag van R57 miljard is toegeken om die stelsel oor die medium termyn te befonds.

Dit sluit 'n subsidie aan universiteite in om die nul fooieverhoging vir studente van gesinne met huishoudelike inkomste van tussen R350 000 en R600 000 te finansier.

Die Nasionale Studente Finansiële Hulpskema (NSFAS) sal beurse vir voorgraadse universiteits- en tegniese en beroepsonderrig en opleiding (TVET) kollege studente met 'n huishoudelike inkomste van onder R350 000, voorsien. Die beurs dek die volle koste van studie, wat onderriggeld, studiemateriaal, en gesubsidieerde etes, akkommodasie en / of 'n reistoelaag insluit. In die eerste jaar van die nuwe stelsel (2018) sal die beurse slegs studente in hul eerste studiejaar dek. In 2019 sal die skema eerste- en tweedejaarstudente dek. Die voorwaardes verbonde aan die toekenning van die beurse word deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ontwikkel.

Terugkerende NSFAS-universiteitstudente (dié met 'n gesinsinkomste van minder as R122 000 per jaar) wat in hul tweede, derde of vierde studiejaar in 2018 is, se lenings sal omskep word in 'n beurs met dieselfde voorwaardes as toe hulle die eerste keer finansiële ondersteuning ontvang het. Vir TVET-studente wat tans deel van die NSFAS is, geld hierdie bepalings nie omdat hulle in elkgeval 'n beurs ontvang het en nie 'n lening nie.


# WAAR KOM DIE GELD VANDAAN EN HOE SAL DIT IN 2018/19 BESTEE WORD

Die geld wat die regering bestee, kom van belasting en heffings. Die regering stel voor dat addisionele belastinginkomste gehef word uit hoofsaaklik belasting op toegevoegde waarde (BTW) en ander belasting.

Daarom word verwag dat R1.345 triljoen in 2018/19 ingevorder sal word. Aangesien die inkomste nie genoeg sal wees om al die uitgawes te dek nie, sal die regering R191 miljard in 2018/19 moet leen ▪

| BELASTINGINKOMSTE (R MILJARD) | 2018/19 | % |
|---|---|---|
| Persoonlike inkomstebelasting | 505.8 | 37.6 |
| BTW | 348.1 | 25.9 |
| Korporatiewe inkomstebelasting | 231.2 | 17.2 |
| Ander | 84.8 | 6.3 |
| Brandstofheffings | 77.5 | 5.8 |
| Doeane- en aksynsbelasting | 97.4 | 7.2 |
| **TOTAAL** | **1 345.0** | **100** |

## GEKONSOLIDEERDE BESTEDING 2018/19




# VOORSIENING VAN MAATSKAPLIKE ONDERSTEUNING AAN DIE ARMES

**18.1 miljoen Suid-Afrikaners** sal teen 2020 maatskaplike toelaes ontvang. In die 2018-begroting sal die regering maatskaplike toelaes teen 'n hoër koers as voorheen verhoog om die armes te vergoed vir die toename in BTW.

Dit beteken dat die kindersorgsubsidies met R25 per maand in 2018/19 sal toeneem, terwyl die pleegsorgtoelaag met R40 sal verhoog. Die ouderdomstoelaag sal in 2018/19 met R95 per maand toeneem ▪

| | 2017/18 | 2018/19 |
|---|---|---|
| STAATOUDERDOMSTOELAE | R1 600 | R1 695 |
| STAATOUDERDOMSTOELAE, OUER AS 75 | R1 620 | R1 715 |
| OORLOGSVETERANE TOELAE | R1 620 | R1 715 |
| ONGESKIKTHEIDSTOELAE | R1 600 | R1 695 |
| PLEEGSORGTOELAE | R920 | R960 |
| SORGAFHANKLIKHEIDSTOELAE | R1 600 | R1 695 |
| KINDERONDERHOUDSTOELAE | R380 | R405 |

# 2018 BEGROTING | BELASTING VOORSTELLE

SARS At Your Service

## Persoonlike Inkomstebelasting

### HOE BEÏNVLOED DIE VERANDERING IN PERSOONLIKE INKOMSTEBELASING JOU?

Die 2018-begroting maak voorsiening vir veranderinge aan inkomstebelasting. Die persoonlike inkomstebelastingskortings verhoog en belasting op die drie laervlak belasbare inkomstebelastingsgroepe word aangepas om gedeeltelike verligting vir die effek van inflasie te voorsien.

Die bedrag wat 'n individu kan verdien voordat hulle verplig is om belasting te betaal, is as volg aangepas vir die belastingjaar wat strek vanaf 1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2019:

| BELASTINGDREMPELS | BELASTINGJAAR: 2017/18 | BELASTINGJAAR: 2018/19 |
|---|---|---|
| Onder die ouderdom van 65 | R75 750 | R78 150 |
| Ouderdom 65 tot 74 | R117 300 | R121 000 |
| Ouderdom 75 en ouer | R131 150 | R135 300 |

*Die nuwe belastingdrempels is as gevolg van die verhogings in die belastingkortings vir individuele belastingbetalers*

| BELASTINGKORTINGS | BELASTINGJAAR: 2017/18 | BELASTINGJAAR: 2018/19 |
|---|---|---|
| Primêr (ouderdom onder 65) | R13 635 | R14 067 |
| Sekondêr (ouderdom 65 en ouer) | R7 479 | R7 713 |
| Tersiêr (ouderdom 75 en ouer) | R2 493 | R2 574 |

## Belastingskale

### NUWE BELASTINGSKALE

Belasting betaalbaar vir die belastingjaar wat op 28 Februarie 2019 eindig

| BELASBARE INKOMSTE VAN INDIVIDUE (R) | BELASTING BETAALBAAR (R) |
|---|---|
| 0 tot 195 850 | 18% van belasbare inkomste |
| 195 851 tot 305 850 | 35 253 + 26% van belasbare inkomste hoër as 195 850 |
| 305 851 tot 423 300 | 63 853 + 31% van belasbare inkomste hoër as 305 850 |
| 423 301 tot 555 600 | 100 263 + 36% van belasbare inkomste hoër as 423 300 |
| 555 601 tot 708 310 | 147 891 + 39% van belasbare inkomste hoër as 555 600 |
| 708 311 tot 1 500 000 | 207 448 + 41% van belasbare inkomste hoër as 708 310 |
| 1 500 001 en hoër | 532 041 + 45% van belasbare inkomste hoër as 1 500 000 |
| Trusts uitgesluit spesiale trusts | Belastingkoers 45% |

Hierdie Begroting sien 'n styging in maandelikse mediese skema belastingkrediete van R303 tot R310 vir die eerste twee begunstigdes, en van R204 tot R209 vir addisionele begunstigdes. Die verhoogde bedrae is effektief vanaf 1 Maart 2018.

#### INKOMSTE BELASTING: MAATSKAPPYE

Finansiële jaar wat op enige datum tussen 1 April 2018 en 31 Maart 2019 eindig.

| Tipe | Belastingkoers (R) |
|---|---|
| Maatskappye | 28% van belasbare inkomste |

#### INKOMSTEBELASTING: KLEINSAKEKORPORASIES

Finansiële jaar wat op enige datum tussen 1 April 2018 en 31 Maart 2019 eindig

| Belasbare inkomste (R) | Belastingkoers (R) |
|---|---|
| 0 – 78 150 | 0% van belasbare inkomste |
| 78 151 – 365 000 | 7% van belasbare inkomste hoër as 78 150 |
| 365 001 – 550 000 | 20 080 + 21% van belasbare inkomste hoër as 365 000 |
| 550 001 en hoër | 58 930 + 28% van die bedrag hoër as 550 000 |

#### OMSETBELASTING VIR MIKRO-BESIGHEDE

Finansiële jare wat op enige datum tussen 1 Maart 2018 en 28 Februarie 2019

| | |
|---|---|
| 0 – 335 000 | 0% van belasbare omset |
| 335 001 – 500 000 | 1% van belasbare omset bo 335 000 |
| 500 001 – 750 000 | 1 650 + 2% van belasbare omset bo 500 000 |
| 750 001 en meer | 6 650 + 3% van belasbare omset bo 750 000 |

## BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE

### BTW-KOERS

Die BTW-koers sal vanaf 14 na 15 persent verhoog met ingang van 1 April 2018.

## BRANDSTOFHEFFING

### TOENAME IN DIE ALGEMENE BRANDSTOFHEFFING

Die algemene brandstofheffing sal met 22 sent per liter verhoog en die padongelukkefondsheffing sal met 30 sent verhoog. Dit verhoog:

- die algemene brandstofheffing na R3.37 per liter brandstof en diesel na R3.22 per liter
- die padongelukkefondsheffing na R1.93 per liter vir beide brandstof en diesel

*Die verhoogde heffings tree met ingang van 4 April 2018 in werking.*

## SONDEBELASTING

### TOENAME IN BELASTING OP TABAK EN ALKOHOL

Spesifieke aksynsbelasting op alkoholiese drank sal met tussen 6 en 10 persent verhoog en spesifieke aksynsbelasting op tabakprodukte sal met 8.5 persent verhoog. Die toenames in aksynsbelasting is soos volg:

| | VERHOOG MET: |
|---|---|
| Moutbier | 15c per 340ml blikkie |
| Ongefortifiseerde wyn | 23c per 750ml bottel |
| Gefortifiseerde wyn | 28c per 750ml bottel |
| Vonkelwyn | 73c per 750ml bottel |
| Appelbier en alkoholiese vrugte drankies | 15c per 340ml bottel |
| Sterk drank | R4.80 per 750ml bottel |
| Sigarette | R1.22 per pakkie van 20 |
| Sigarettabak | R1.37 per 50g |
| Pyptabak | 39c per 25g |
| Sigare | R6.45 per 23g |

## BOEDEL- EN GESKENKBELASTING

### BOEDEL - EN GESKENK-BELASTING

- Vanaf 1 Maart 2018 word die belasbare waarde van 'n boedel van meer as R30 miljoen teen 25 persent in plaas van die huidige koers van 20 persent belas.
- Die bedrag van skenkings van meer as R30 miljoen sal teen 25 persent belas word in plaas van die huidige koers van 20 persent.